



Namibian Brahman Breeders Society

P.O. Box: 11790

Windhoek

www.brahman.iway.na

Tel: 061-240573

Fax 088643348

brahman@iway.na

GEDRAGSKODE VIR NAMIBIESE BRAHMAN BEOORDELAARS/KEURDERS

As 'n Beoordeelaar van Brahmanbeeste besef en aanvaar ek dat, as feilbare mens, ek net 'n instrument van God is om Sy skepping te bestuur en beheer. Daarom onderneem ek om die volgende gedragskode opreg en eerlik na te kom as beoordeelaar van die Brahman Ras

- Ek aanvaar die groot verantwoordelikheid wat op my geplaas is as beoordeelaar, en besef die hoë verwagtinge wat van my verwag word en die groot invloed wat my beoordeling op Vertoners en Telers mag hê.
- Ek onderneem om myself altyd op hoogte te hou van die Ras-standaarde van die Brahman Ras asook nuwe verwikkelinge in die Ras, en om gereeld beoordelaars konferensies of kursusse bytewoon om my insig en kennis sodoende te verbreed sodat ek my kennis tot die beste van my vermoë kan aanwend deur aanbieding van kursusse as Beoordelaar/Keurder.
- In my taak as beoordelaar/keurder sal ek uitsluitlik konsentreer op diere wat vertoon word op skoue, en geensins diskrimineer of partydig optree teen, verskillende tipes, Vertoners of enige mens in persoon.
- As Beoordelaar onderneem ek om myself te laat lei deur die Ras-standaarde van die Brahman Ras, en ook gebruik te maak van alle middele tot my beskikking, soos byvoorbeeld tussenkalf periodes, dragtigheid sertifikate, die index van testis omvang, om 'n eerlike evaluasie te formuleer vir plasing van diere.
- Ek onderneem om so ver moontlik goeie verhoudings met die ringbeamptes en ander assistente te bewerkstellig met die uitvoering van hul pligte.
- In my kommentaar as beoordeelaar sal ek altyd professioneel en diskreet optree, met die intensie om konstruktiewe en opbouende kommentaar eerder as negatiewe en afbrekende kommentaar oor Diere, Vertoners of Hanteerders te lewer.
- Ek sal altyd poog om my taak as Brahman Beoordelaar met opregtheid uit te voer, en om my kennis, ondervinding en insig van die Brahman Ras met ander Telers te deel om sodoende die Ras positief te promifeer.
- Ek onderneem om as lid van die NBBS beoordelaars, die beleid wat voorheen bepaal was deur middel van kursusse en beoordelaars konferensie korrek toe te pas by beoordeling op skoue en met die aanbieding van kursusse
- Ek onderneem deur my aksies buite die ring dat ek ongeag enige ander persone se invloed of assosiasie en ten spyte van my menslike feilbaarheid, daarna sal streef om 'n etiese sin van verantwoordelikheid as 'n beoordelaar te openbaar.
- Ek onderneem dat die Raad of Disiplinêre Komitee wat deur die Raad aangestel word vir hierdie doel, mag optree deur middel van disiplinêre aksies,

indien ek daarin faal om my taak te verrig deur die voorgeskerwe beoordelaarsbeleid en die bostaande gedraskode.

Moontlike Dissiplinêre aksies:

- (i) Dat ek as Beoordelaar gevra mag word om voor die Raad te verskyn,
- (ii) Dat ek as Brahman Beoordelaar my status as beoordelaar by die NBBS kan verloor.
- (iii) Dat my status as beoordelaar by die NBBS vir n periode of permanent opgeskort mag word.

Handtekening - BeoordelaarHandtekening - President NBBS

Datum:Plek:.....